

27 Februarie

Skrifgedeelte: Genesis 1:1-5; Johannes 1:1-5; 2 Petrus 3:5

Fokusgedeelte:

Krag van die Woord om te skep

Dit is so eie aan die mens om te twyfel. Die ketter Kerinthus buit dit uit en hy en sy gevolg saai twyfel en probeer moedswillig om die verwagting van die wederkoms tot niet te maak. Hulle wil voorkom dat enigiemand sou glo dat God alles begin en beëindig en dat Jesus Christus weer sal kom. Daarom herinner Petrus hulle aan die sondvloed wat die hele skepping verander het. Ten minste daar was dood en verwoesting met 'n nuwe begin in Noag.

Wat by die skepping en die nuwe begin van bepalende belang is, is die almagtige werking van God. En hier lees ons van die grootste en mees wonderbare geheimenisse in God se skeppingswerk. Dit is die skepping van alles deur die Woord van God. Ons lees in Genesis 1 en 2 dat God deur sy bevel geskep het. In die volste sin van die woord die skepping deur sy Woord! Daarmee sluit Dawid (Ps. 33:6, 9) en Johannes ten nouste by mekaar aan as Johannes leer dat daardie skepping deur sy woord die skepping deur die Woord, Jesus Christus, is (Ef. 3:9; Kol. 1:16). Daardie Woord is skeppend, want Hy is God, almagtig en immer doelbereikend.

Hoor jy die refrein “en dit was so” en telkens “toe sien God dat dit goed was”? Hoor jy die persoonlike betrokkenheid? Die wil om iets te skep, die doelbereiking as Hy laat gebeur wat Hy sê en die volmaakte inpas by die volledige skeppingsprent. Alles funksioneer presies soos God dit beplan het. Daarby span God die kroon as die Heilige Gees wat van die Vader en die Seun uitgaan, lewe in die skepping wek!

Ook jou en my lewe is deel van God se volmaakte ewigheidswerk! Jou stryd teen twyfel is in die sekerheid om uit genade te glo en te vertrou en so in God se teenwoordigheid te staan.

Sing: Psalm 2:4, 6 (Totius)

Ds. SD de Kock (Potchefstroom-Suid)